# 7 Soliede materiale



## Kom ons begin

Die prente wys voorwerpe wat 'n mens elke dag gebruik. Hulle is almal van verskillende soliede materiale gemaak. Nie alle materiale is dieselfde nie. Dink na oor watter materiale gebruik is om die dinge in die prente te maak. Daar is 'n rede waarom ons 'n sekere materiaal kies om iets te maak. In hierdie onderwerp sal jy leer van die verskillende materiale wat gebruik word om ander nuttige materiale en voorwerpe te maak.

### AKTIWITEIT 1 Vind uit wat jy van soliede materiale weet

Kyk na die dinge in die prent. Bespreek in groepe.

1. a. Identifiseer elke voorwerp en sê waarvoor dit gebruik word.
   b. Uit watter materiaal is elke voorwerp gemaak?
2. Noem een harde voorwerp en een sagte voorwerp.
3. Watter van die voorwerpe sal water opsuig as jy water daarop gooi?
4. Watter van die voorwerpe kan vloeistof hou?
5. Gee 'n rede waarom plastiek beter as glas is om die speelding van te maak.